**Sondag 12 Maart**
**Skrifgedeelte: Genesis 15:1-21**
**Fokusgedeelte: Genesis 15:17, 18**
**God sluit met gelowiges ’n verbond en gee aan hulle ’n teken**

In vers 8 vra Abraham hoe hy seker kan wees dat God al sy beloftes waar gaan maak. En dan beveel die Here hom in vers 9: *“Bring vir my ’n vers, ’n bok en ’n skaapram, almal drie jaar oud, en ’n tortelduif en ’n jong duif.”* Met die woorde *“Bring vir my die diere”* het Abraham dadelik geweet waaroor dit gaan. Hy het geweet dat dit ’n seremonie was vir die sluiting van ’n verbond (ooreenkoms). En daarom het Abraham geweet wat om te doen. Hy het die diere (behalwe die klein voëls) middeldeur gesny en die twee helftes teenoor mekaar gelê.

In daardie tyd het die partye wat ’n verbond gesluit het, tussen die helftes van die diere deurgeloop. Daarmee het elke party gesê: “As ek nie die verbond nakom nie, sal ek soos hierdie diere in stukke opgesny word.” Maar hier in Genesis 15 gebeur iets wonderliks! In sy verbond gaan God alleen deur die diere. Daarmee sê Hy dat Hy ons, wat sy verbond met ons ongehoorsaamheid verbreek het, sal red.

Dit is presies wat gebeur het! Jesus het mens geword om vir ons sondes te betaal. Hy is vir ons sondes stukkend geslaan, en aan die kruis het die donkerste donker oor Hom gekom toe Hy uitgeroep het: *“My God, my God, waarom het U My verlaat?”* (Mark. 15:33).

Deur geloof is alle gelowiges kinders van Abraham (vgl. Rom. 4 en Gal. 4) en is ons deel van God se genadeverbond. Die doop het in die plek van die besnydenis gekom (vgl. Kol. 2:8-15) en is die teken dat jy deel is van God se genadeverbond. Dink vandag aan jou doop en leef as ’n verloste kind van God.

*Sing: Psalm 103-1:1, 9*

*Dr. HM Zwemstra (Heinrich) (Walvisbaai/Swakopmund)*